

# Wees oop vir die *Ephesian moment*

Jurgens Hendricks



**D**ie Prediker het al gesê: “*Wat is, was reeds, wat kom het ook al reeds gebeur, God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het*” (Pred 3:15).

Die worsteling met diversiteit is nie ’n nuwe ding nie. Inteendeel, as Andrew Walls oor meer as 60 jaar se teologiese arbeid van die kerk se geskiedenis terugkyk, toon hy aan hoedat die geskiedenis homself herhaal. Dit is net dwase wat nie uit die geskiedenis leer nie.

## **Sentrum van Christelike geloof skuif gedurig**

In sy epogmakende boek, *The Cross-Cultural process in Christian History; studies in the transmission and appropriation of faith* (New York: Orbis, 2002) toon Walls aan hoe die Christelike geloof ’n herhalende patroon het: die hartland daarvan is gedurig aan't skuif.

Tydens Jesus se hemelvaart was Jerusalem en Palestina die sentrum van die vroeë kerk. Ná Jerusalem vernietig is, vind die diaspora (verspreiding) van die Jode en Christene oor die bekende wêreld van daardie tyd plaas. Só skuif die hartland (of sentrum) van die Christelike kerk na Klein-Asië, en later na Egipte en Noord-Afrika. Dit beweeg oor geografiese, politieke en etniese (rasse-) grense heen.

Met die opkoms van die Ottomaanse Ryk versprei die Islam deur die Arabiese lande en Noord-Afrika. Bitter min van die Christelike geloof is in dié lande oor. Maar elders in die nuwe wêreld vind die evangelie ingang in mense se harte. Walls beskryf dié proses (2002:32):

*There is a significant feature of each of these demographic and cultural shifts of the Christian centre of gravity. In each case a threatened eclipse of Christianity was averted by its cross-cultural diffusion. Crossing cultural boundaries has been the life blood of historic Christianity. It is also noteworthy that most of the energy for the frontier crossing has come from the periphery rather than from the centre.*

In die vierde hoofstuk van die boek gee Walls ons iets soos ’n nabyskoot van wat hierdie bewegings veroorsaak.

Die evangelie van Jesus Christus is goeie nuus *wat vir die hele wêreld bestem is*. Die oomblik dat jy dit vir jouself hou en God vir jouself en vir jou eie belang opeis, begin die stadige kanker van geestelike dood intree. Die oomblik dat jy die deure van jou hart en lewe vir ander oopmaak – in navolging van Christus se koms aarde toe – en jy daarmee oor die grense van jou eie lewe, kultuur en belange beweeg, word die liefde en diensbetoon, die gemeenskap en genade, die reg en vrede van God se teenwoordigheid herontdek. Soos wat dit inspoel in mense se lewe en kultuur en dit omswaai en suiwer, bring dit ongekende nuwe lewe.

Dit sal goed wees om die Efese-brief weer ’n slag te lees en die konteks en tyd waarin dit geskryf is in ag te neem. Ek deel in verteltrant wat Walls beskryf.

## **Nuwe kultuursituasies vereis nuwe Christelike lewenswyses**

Die boek *Handelinge* vertel van die handeling van die apostels. Meer korrek, dit vertel van die Heilige Gees, die Gees van Christus.

’n Mens ervaar gewoonlik verskeie “bekerings” in jou lewe. Petrus sal vir ons van ’n hele paar in sy lewe kan vertel.

Twee hoofstukke in *Handelinge* (10-11) word gewy aan Petrus se rassisme-bekering. Daarna lees ons hoe die kerk in Antiogië onder die heidene groei. Dis hier waar die bittere stryd oor kerkorde en kerklike bepalinge en gewoontes – die verhaal wat elke dominee ken – sy kop begin uitsteek. Natuurlik word ’n kommissie aangestel en die saak na ’n meerdere vergadering te verwys – en nie sommer enige een nie, maar na die oपर्gesag in Jerusalem.

In *Handelinge* 15 word seker een van die belangrikste besluite in die kerkordelike geskiedenis van die kerk geneem. U ken die storie. Walls sê hieroor (2002:76):

*These new, raw believers, however, were left to find, under the guidance of the Holy Spirit, a way of life that expressed Jesus under the conditions of the Hellenistic society... This meant developing a whole new Christian lifestyle for conditions that no*

Blaai om

*previous believer had had to cope with. It means facing a whole array of situations that simply had not arisen, and could not arise, for any Jerusalem believer.*

So ontwikkel twee duidelik onderskeibare Christelike lewenswyses in twee heeltemal verskillende kulture: Joods en Helleens.

Paulus skryf egter onomwonde in Efesiërs dat God in Christus die muur van skeiding afgebreek het. Die gelowiges is een in Hom. Deur die één Gees het almal toegang tot die één Vader. Daar is nooit sprake dat die een kultuur ten koste van die ander sy identiteit moet opgee nie. Intendeel, albei is noodsaaklike dele van die één liggaam. Die Here het ons almal vrygemaak en geroep om die evangelie verder te neem na elke sentimeter-breedte van die lewe waar ons geroep is om getuies te wees. Dit is die hoër lojaliteit wat ons met mekaar versoen wanneer ons aan die nagmaaltafel, waar die offer van Christus gedenk word, aansit.

### **Openheid vir ander bring die Ephesian moment**

Christus, die evangelie wat ontdek en geleef word, bring 'n ongekende vreugde en energie.

Reg rondom die Middellandse See het die evangelie soos 'n vloedgolf versprei. Rodney Stark en sy span navorsers se werk oor *The Rise of Christianity* (1997: San Francisco: Harper) vertel hoe 'n obskure groep van 7 000 gelowiges oor drie eeue heen gegroei het tot die dominante geestelike invloed wat die Westerse wêreld in sy diepste wese beïnvloed het. Teen die tyd dat Konstantyn die Christelike kerk tot staatsgodsdienst verklaar het, was 33 miljoen van die 56 miljoen mense in die Ryk geassosieer met Jesus, die Here (*Kurios*).

Een van die duidelikste faktore wat die groei van die Christelike geloof verklaar, is die eenvoudige waarheid van die brief aan die Efesiërs: Maak jou huis en jou hart oop vir elke mens ... leef Christus (vgl Ef 4 en 5) – en die skoonheid en die grootsheid van die God se genade en liefde oorbrug alle verskille. Dit is die “Ephesian moment” – die sosiale bymekaar kom van mense van twee (of meer) kulture om Christus te ervaar.

Luister weer na Walls (2002:78-79):

*There are two dangers. One lies in an instinctive desire to protect our own version of the Christian faith, or even to seek*

*to establish it as the standard, normative one. The other, and perhaps the more seductive in the present condition of Western Christianity, is the postmodern option: to decide that each of the expressions and versions is equally valid and authentic, and that we are therefore each at liberty to enjoy our own in isolation from all the others.*

### **Kerk se toekoms lê in voortdurende afbreek van skeidingsmure**

Die patroon wat Walls raakgesien het, is weer op 'n dramatiese globale skaal aan die afspeel. Kyk na die volgende prentjie (uit Lamin Sanneh: *Whose religion is Christianity?* Grand Rapids: Eerdmans, 2003).

Teen 1962 verlaat die meeste sendelinge Afrika. In dié stadium is daar in Afrika 60 miljoen Christene en 145 miljoen Moslems. Toe gebeur die Handeling 15-proses en die evangelie kry sy vrye loop in Afrika. Tussen 1970 en 1985 is daar gemiddeld 16 500 bekerings per dag in Afrika tot die Christelike geloof... en 'n leegloop van kerke in die Noorde en Weste. In 2005 tel Afrika 408 miljoen mense wat met Christus assosieer, 46% van sy bevolking. Moslems tel 355 miljoen, 40% van die Afrika-bevolking.

Die kerk se geestelike heil en toekoms lê daarin dat dit voortdurend mure van skeiding afbreek. Dit moet sonder ophou strewe om saam met “die ander” aan tafel te gaan sit. In die breek van brood en die drink van wyn moet dit Jesus se visie op die wêreld gedenk. Die doel van teologie, sê Walls (2003:79), is om met onderskeiding Christus se leiding konteksueel te soek.

Die groter vreugde en bevryding vir die kerk is om saam met ander uit te beweeg na die uitdagings van ons gebroke wêreld. Die Een aan wie alle mag gegee is, kán dit verander. Hy spesialiseer in die doen van die onmoontlike. Rassisme is 'n hekkie ... maar die oorwinning daarvoor is 'n deur tot die lewe en hoop vir die wêreld!

● *Jurgens Hendriks het pas afgetree as departementshoof van Praktiese Teologie en Missiologie by die Universiteit Stellenbosch. Benewens sy jare lange betrokkenheid by die ontwikkeling van Gemeentebou/Bedieningspraktyk in die NG Kerk, is hy ook direkteur van die Network for African Congregational Theology (NETACT) en die Eenheid vir Godsdienst en Ontwikkelingsnavorsing (EGON).*

## **Die lidmaat se eenstop- Christelike boekwinkel**



Direkte bestellings: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za)  
Deeloproep: 0860 231 231  
0860 26 33 42 of 0860 BMEDIA

E-aankope: [www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za)

